OPENBARING EN INSPIRASIE



Les 5 vir 31 Oktober, 2026

"Die Openbaring van Jesus Christus wat God Hom gegee het om aan sy diensknegte te toon wat gou moet gebeur, en wat Hy deur die sending van sy engel aan sy dienskneg Johannes te kenne gegee het, wat getuig het van die woord van God en die getuienis van Jesus Christus alles wat hy gesien het."

(Openbaring 1:1, 2)



Openbaring 1:1-2 bevat ‘n voorbeel van hoe God sy boodskap aan ons openbaar deur sy profeet:

God openbaar sy boodskap aan Jesus → Jesus openbaar die boodskap aan ‘n engel → Die engel openbaar die boodskap aan Johannes, die profeet → Johannes skryf die ontvangde boodskap neer



Maar dit is nie die enigste manier waarop God Homself aan die profete geopenbaar het nie, en ook nie die enigste manier waarop die goddelike boodskap deur hulle oorgedra is nie. Ons sal die verskillende maniere wat God Homself aan die profete geopenbaar en geïnspireer het, bestudeer.



Openbaring en inspirasie:


- Algemene en spesiale openbaring
- Die proses van inspirasie

Tipes profetiese kommunikasie:

- Mondelinge boodskappe
- Geskrewe boodskappe
- Dramatisering, simbole, gelykenisse



OPENBARING EN INSPIRASIE



ALGEMENE EN SPESIALE OPENBARING

"Die hemelruim verkondig die eer van God en die hemelkoepel maak die werk van sy hande bekend." (Psalm 19:2)


"...As daar 'n profeet onder julle is, sal Ek, die Here, Myself in 'n visioen aan hom bekend maak: in 'n droom sal Ek met hom praat." (Numeri 12:6)



Paulus sê dat diegene wat die bestaan van God ontken, "sonder verskoning is," "want Sy onsigbare eienskappe, naamlik Sy ewige krag en goddelikheid, word van die skepping van die wêreld af in sy werke begryp en is duidelik sigbaar" (Rom. 1:20; Ps. 19:2).

Ons kan sien hoe God die toetrede van sonde in sy voorkennis voorsien het, in die vernuwende krag wat Hy in lewende wesens ingestel het. Wanneer ons beseer word, word meganismes in werking gestel wat die wond toemaak en die weefsel regenereer. Daardie meganismes was reeds daar voordat die besering plaasgevind het!

Maar die natuur, sedert die val van Adam en Eva, het ook gevolge van sonde (Roofdiere, aardbewings, ens).



Om hierdie rede het God direkte metodes gebruik om Homself te openbaar: Spesiale openbaring deur die profete en Jesus Christus, soos opgeteken in die Bybel, die Woord van God. (Heb. 1:1-2).



DIE PROSES VAN INSPIRASIE

"Elke Skrifdeel is deur God geïnspireer en is nuttig vir onderrig, weerlegging, teregwysing, en opvoeding om God se wil te gehoorsaam,"
(2 Timoteus 3:16)



Vir eeue is God se werke en boodskappe mondelings oorgedra, totdat God Moses geïnspireer het om hierdie dade en woorde skriftelik op te teken.



Van daardie oomblik af is die boodskappe wat God wou bewaar, geskryf deur "geïnspireerde" mense, dit wil sê, gelei deur die Heilige Gees (2 Petrus 1:21). Dit maak die Bybel 'n unieke boek wat die volledige Goddelike openbaring bevat.

Hoe werk hierdie inspirasieproses?



Deur visioene en drome (Numeri 12:6)



Deur persoonlike ervarings (1 Joh. 1:3)



Deur historiese navorsing (Luk. 1:3)



Deur goddelike indrukke (2 Petrus 1:21)








TIPES PROFETIESE KOMMUNIKASIE

MONDELINGE BOODSKAPPE

"Hy het die Leviete opgestel in die huis van die Here, met simbale, harpe en liere, in ooreenstemming met die opdrag van Dawid en van Gad, die koning se siener, en die profeet Natan; want dit was die opdrag deur die Here by monde van sy profete. Toe die Leviete gereedstaan met die instrumente van Dawid, en die priesters met die trompette…" (2 Kronieke 29:25, 26)

God het tydens vier geleenthede direk met mense gepraat:



Met Adam en Eva (Gen. 2:16-17)



Toe Hy die 10 Gebooie gegee het (Deut. 4:12)




By die doop van Jesus (Matt. 3:17)



Tydens die verheerliking (Markus 9:7)

Die profete het die woorde wat God gedeel het, mondelings oorgedra en duidelik gesê: "So sê die Here" (Rigters 6:8). Hierdie boodskappe – soos in die geval van Noag – is nie altyd skriftelik opgeteken nie.



Ons ken die woorde van baie profete slegs deur die geskrifte van ander, maar hulle het dieselfde gesag gehad as diegene wat hul boodskappe in geskrewe vorm gelaat het. Onder hulle is Natan, Elia, Elisa, en Johannes die Doper.





GESKREWE BOODSKAPPE

"Die Here het vir Moses gesê: 'Skryf dit in 'n boekrol neer as 'n blywende herinnering," (Exodus 17:14a)

Wat was van die redes waarom God besluit het om Sy boodskap op skrif te laat?

- Om die gebeure te onthou (Eks. 17:14)
- Om ons te onderrig (Pred. 12:10)
- Om ons tot bekering uit te nooi (Jer. 36:2-3)
- Om ons voorbeelde te gee om na te volg/verwerp (1 Kor. 10:11)
- Sodat ons die toekoms kan ken (Openb. 1:19)



In die Bybel het die profete hul eie menslike reaksies, sowel as dié van ander mense, uitgedruk. Dit bevat poësie, geskiedkundige verslae en geskrewe preke. Soms sluit dit aanhalings van nie-Bybelse outeurs of bevele van heidense konings ook in.

Daar is egter geen grade van inspirasie in die Bybel nie. Of dit nou preke, gebeure of profesieë is wat opgeteken is, dit is alles deur God geïnspireer en dra Sy boodskappe getrou deur die tyd aan ons oor (2 Tim. 3:16-17).

DRAMATISERING, SIMBOLE EN GELYKENISSE

"Ek het met die profete gepraat; Ek het dit deur baie visioene gedoen en deur profete trek Ek vergelykings." (Hosea 12:11)



DRAMATISERING











Benewens historiese verslae, spreekwoordelike gesegdes, gedigte of toesprake, bevat die Bybel baie boodskappe wat deur dramatisering, simbole en gelykenisse oorgedra word.

Esegiël 4:1-8. God het Esegiël gevra om 'n model van Jerusalem te maak om die beleëring en val van die stad voor te stel.

Hosea 1:2-9. God het Hosea beveel om met 'n owerspelige vrou te trou om die ontrouheid van Israel te verteenwoordig.

1 Konings 20:37-42. 'n Profeet vra 'n ander om hom te slaan en maak asof hy in die geveg gewond is om Agab se sonde te bestraf.

Jeremia 13:1-11. Op God se bevel het Jeremia 'n gordel gekoop en dit weggesteek. Later het God hom beveel om terug te keer daarna, om die morele toestand van Jerusalem aan te dui.

DRAMATISERING, SIMBOLE, GELYKENISSE

SIMBOLE





Eksodus 25:8. Die priesters, die heiligdom en sy dienste is simbole om die Verlossingsplan in fyn besonderhede te verduidelik

Openbaring 13:2. Daniël en Openbaring gebruik simbole (soos diere, horings, ens) om historiese realiteite voor te stel.

Johannes 15:1. Jesus het simbole gebruik om sy eie sending te verduidelik, soos die lig, die wingerdstok, die goeie herder, ens







GELYKENISSE

Jesaja 5:1-7. Die profete het gelykenisse gebruik om die mense tot bekering te roep en oor hulle geestelike toestand te besin.

Matteus 13:5. Jesus het oorvloedig gebruik gemaak van gelykenisse om geestelike waarhede te leer.

“Die Bybel verklaar die waarheid op so ‘n eenvoudige manier en dit word op so ‘n doeltreffende wyse aangepas by die behoeftes en verlangens van die menslike hart dat dit selfs die geleerdste mense verbaas, en terselfdertyd die weg van die saligheid aan die eenvoudigste openbaar. […] Op hierdie manier word die weg van saligheid aan ons geopenbaar sodat elkeen kan sien watter stappe hy moet doen om hom tot God te bekeer en hoe om Jesus Christus aan te neem om salig te word. […] Hoe meer hy die Bybel ondersoek, hoe sterker is hy oortuig daarvan dat dit die woord van die lewende God is; en die menslikse verstand buig neer voor die majesteit van die goddelike woord.”

EGW (Skrede na Christus, Hfst. 12, bl. 107)

BYLAE: OPENBARING EN INSPIRASIE IN ELLEN G. WHITE



Ellen White was deur God geïnspireer. Haar geskrifte, haar lewe en haar bediening is dié van 'n ware profeet. Sy het dieselfde inspirasie as die profete van die Bybel besit, alhoewel sy nooit haar geskrifte as gelykstaande aan dié van die Skrif beskou het nie. Sy het die Bybel altyd as die gesaghebbende en onfeilbare openbaring van God beskou.

Sy het erken dat die proses van inspirasie 'n interaksie tussen die goddelike en die menslike behels het. God het Sy boodsakppe gekommunikeer, maar dan het die profeet die goddelike instruksies deur sy eie woorde oorgedra. Sy het die goddelike inspirasie van menslike gedagtes verstaan as 'n vereniging tussen goddelike openbaring en menslike ervaring.



Sy het daarop gewys dat nie al die menslike ervaring en kommunikasies wat sy oorgedra het, geïnspireerd was nie. Dit is belangrik om hierdie onderskeid in gedagte te hou wanneer jy haar geskrifte lees en op haar evaringe reageer, veral wat haar korrespondensie en dagboek-aantekeninge betref.

